# NUUSGENOOT

Moenie wonder nie, weet!

Nuusbrief van die ATKV | Maart 2022

# KULTUUR BRING BYMEKAAR!

Amper 'n eeu sedert ons ontstaan in 1930 is die ATKV steeds sinoniem met die Afrikaanse taal, en die organisasie en sy honderde takke en duisende lede landwyd en in Namibië woeker nie net om ons taal in al sy pragtige vorme te laat voortleef nie, maar ook om 'n verskil te maak in Afrikaans.

Die ATKV het die afgelope 92 jaar nie net daarin geslaag om te oorleef en te groei nie, ons het onsself boonop onderskei as 'n brugbouer van formaat onder Suid-Afrikaners.

En dis 'n rol wat ons beplan om nog verder uit te bou. Nie net onder die verskeidenheid Afrikaanssprekendes wat lede is van ons organisasie nie, maar ook diegene wat deelneem aan ons taal- en kultuuraktiwiteite, wat ook sprekers van ander tale en mense uit ander kultuurgroepe insluit.

Ons by die ATKV staan gereed om saam met u voor te stap. Ons wil kragte saamsnoer met almal wat Suid-Afrika, sy mense, en ons Afrikaanse taal en kultuur wil bevorder.

Kultuur kan mense bymekaarbring, soos ons maar alte goed weet.

Die afgelope maand het ATKV-takke tydens hul algemene jaarvergaderings idees uitgeruil en beplan aan die jaar wat voorlê.

Die projekte-afdeling staan gereed om af te skop met projekte wat aan deelnemers die geleentheid gee om in hulself te belê.

Lees gerus in hierdie uitgawe meer oor die ATKV se werksaamhede en die verskil wat daagliks gemaak word.

*Lekker lees!*



## Bou brûe in jou moedertaal

Dóér uit Amman, Jordanië, skryf 'n vriendin per e-pos hoe sy dit mis om haar taal te kan praat. Die taal waarin sy gebore, geskool en getroud is. Die taal waarin sy liefhet, lag, droom en bid. Ja, sy praat dit by die huis met haar man en kinders. Maar dit is nie dieselfde nie, skryf sy. Buite die grense van hul gesin voel hulle dikwels uitgesluit en misverstaan. Gelukkig kan sy haar kinders, wat nog kleuters is, in hul moedertaal onderrig, vir hulle voorlees en laat speel, sê sy.

Taal is meer as 'n blote medium van kommunikasie. Dit gee struktuur aan ons denke, bewaar ons erfenis en vorm die basis van ons kultuur. Lees meer hier.

Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en/of sosialemediaplatforms.



# KENNISGEWING:
## VERHOGING VAN LIDMAATSKAPFOOIE

Baie dankie vir u lojale ondersteuning as ATKV-lid. U waardevolle bydrae deur die jare stel die ATKV in staat om die Afrikaanse taal, kultuur, kennis en kreatiwiteit onmisbaar en aktief deel van nasiebou, versoening en 'n suksesvolle Suid-Afrika te maak.

Om te kan voortgaan met die bevordering van Afrikaans in al sy fasette, is ons egter genoodsaak om die ATKV-lidmaatskapfooi met ingang 1 April 2022 te verhoog. Die laaste fooiverhoging was in 2019.

Die maandelikse fooi verhoog met R10 na R105 per maand en die jaarlikse fooi verhoog met R100 na R1 150 per jaar. Jaarlikse betalers betaal die bedrag nie dadelik nie, hulle betaal die bedrag van R1 150 slegs in die maand wanneer hulle hul ATKV-lidmaatskap hernu.

Met hierdie ledegeld sorg die ATKV dat Afrikaans nie net beleef word nie, maar gelééf word! Danksy ons lede kon ons die afgelope jaar onder andere die volgende doen:

- vir **200** kinders regoor die land 'n veilige omgewing skep waar hulle daagliks gehalteopvoeding en -versorging by vyf AbbAsorgsentrums ontvang;
- by minstens **1 853** hoërskooldeelnemers 'n liefde vir toneel ontwikkel deur die ATKV se gewilde Tienertoneelkompetisie. Hierdie getal sluit nie die gehoorlede in nie;
- ATKV-Applous, die oudste koorkompetisie in die land, onder moeilike Covid-omstandighede aanbied met deelname deur **5 802** leerders;
- aan **4 674** raakpraters die geleentheid gee om hul sê met selfvertroue in Afrikaans te sê tydens die ATKV-Redenaarskompetisie;
- 'n platform vir **153** deelnemers gee om hul spel voor die kamera deur middel van die ATKV se DigiToneelkompetisie te ontwikkel. Deur deelname aan die kompetisie het hulle 'n kans gestaan om hul buiging op televisie te maak in die Via-program *Gekies vir die Kollig*;
- in samewerking met die Vriende van Afrikaans 'n liefde vir lees kweek deur **60** boektrommels te skenk aan goedbestuurde, geregistreerde kleuterskole en leerders in die grondslagfase;
- saam met 320 ATKV-takke en hul honderde toonaangewende projekte die tema #weesdieverskil regoor Suid-Afrika en Namibië uitleef.

Die ATKV bied ook verskeie **VOORDELE** aan sy lede om hulle te bedank vir hul volgehoue ondersteuning:

- Die ATKV se moderne, voortreflike selfsorgbehuising, woonwastaanplekke en kampeerfasiliteite is uiters gewild.
- ATKV-lede kom in aanmerking vir voorkeurbesprekings by enige van die ATKV se vakansieoorde, asook vir 'n besparing van tot 30% op hul volgende wegbreek.
- ATKV-lede kwalifiseer vir 'n jaarlikse gratis boekvoordeel.
- Sterftefonds: Persone wat voor 1 Junie 2013 by die ATKV aangesluit het, kom in aanmerking vir 'n Sterftefondsvoordeel van R5 000.
- ATKV-lede geniet voordele by strategiese vennote van die ATKV soos byvoorbeeld afslag op korttermynversekering by Auto & General.
- ATKV-lede kan 'n gedrukte weergawe van die *Taalgenoot*, die ATKV se amptelike kwartaallikse kultuurtydskrif, ontvang of dit gratis aanlyn lees. Dis 'n tydskrif vir jonk en oud; vir mense wat in Afrikaans leef, liefhet en werk.

Ons sien daarna uit om later in 2022 opwindende en **splinternuwe voordele** aan ons lede te bied en sal binnekort meer besonderhede hieroor verskaf.

Vriendelike ATKV-groete

# Afrikoon-toekenning aan ystervrou!

Die afgelope paar jaar skop die Noord-Kaap stof in die oë van die ander provinsies as dit kom by die vak Verbruikerstudie in die matriekeindeksamen.

Dié provinsie het die laaste twee jaar die beste uitslae in die land en dit is grotendeels te danke aan 'n ystervrou van Kimberley.

Ronel Henning, provinsiale koördineerder van Verbruiker- en Gasvryheidstudies in die Noord-Kaap, bied gratis opleiding aan onderwysers in dié vakke en help leerders wat nie die handboeke vir hierdie vakke kan bekostig nie.

Daarom het die ATKV-tak Rooiduin besluit om Ronel met 'n Afrikoon-toekenning te vereer vir haar barmhartigheid en onbaatsugtige bydrae tot die gemeenskap.

"Sy doen wonderlike werk in minderbevoorregte gemeenskappe en sy doen dit gratis. Haar resepteboeke wat sy verkoop en die wins daaruit ploeg sy weer in die gemeenskap terug," sê Beatrix Venter, takvoorsitter.

Lees hier verder.




# ATKV-tak Tonteldoos vier Orrelfees

Ons almal ken die klank. Die dawerende note wat teen die kerk se mure vasslaan. Die Psalms wat daaruit weergalm.

Die orrel is 'n magtige instrument wat vir baie van ons heimwee bring, maar orrelmusiek is deesdae 'n vae deuntjie in die geheue van die mens.

Die ATKV-tak Tonteldoos wil egter hê daar moet 'n herlewing van dié musiekinstrument wees.

"Die orrel is volksbesit en ons moet hom vier," sê Susan du Toit, takvoorsitter.

Die tak het einde verlede jaar hul jaarlikse Orrelfees by die NG Kerk Faerie Glen in Pretoria aangebied. Die orrelis Theo van Wyk het die sowat 100 feesgangers vermaak.

"Meeste van die feesgangers was pensionarisse. Baie van hulle het 'n groot passie vir musiek en het die fees verskriklik baie geniet," sê Susan. Groot name soos Wim Viljoen het al by die fees opgetree.

"Ons hou juis die Orrelfees teen die einde van die jaar omdat dit naby aan Kersfees is en die NG Kerk Faerie Glen het 'n baie goeie orrel."

Lees hier verder.

## ATKV vereer onnie wat woeker




Vir die afgelope 30 jaar het Thabang Leepile (58) leerders gebrei en gevorm.

Sedertdien is baie van hulle al ouers en werkendes, maar hulle almal het een ding gemeen – hulle kan Afrikaans praat, lees en skryf.

Thabang, 'n Afrikaans-onderwyser by die EE Monese Hoërskool in Senekal, het einde Februarie afgetree en die ATKV-tak Senekal het besluit om hom te vereer vir sy groot bydrae tot die taal en onderrig.

"Hy het met groot ywer skoolgegee en het 'n groot passie en liefde vir Afrikaans. Daarom het ons besluit dat die drie dekades waarin hy kinders in Afrikaans geleer het, nie ongesiens verby mag gaan nie," sê Linda Brink, takvoorsitter.

Die tak het op 11 Januarie aan hom 'n geskenkpak met boeke oorhandig.

Thabang het in 2003 begin skoolgee vir graad 10 tot 12 in Afrikaans en het gou ook 'n hoofeksaminator geword.

Lees hier verder.

# Gedenklesing skep 'n ruimte vir gesprek en groei

Die uitvoerende kunste bied belangrike sleutels om weer menswaardigheid te ontsluit in 'n postpandemiese Suid-Afrika.

Só het Marlene le Roux, uitvoerende hoof: Kunstekaap en voorsitter van die ATKV-MSW-direksie, tydens die 18de Johan Combrink-gedenklesing in Stellenbosch gesê.

Die tema van vanjaar se lesing was " 'n Nuwe plek in die kuns- en kultuurwêreld". Die lesing, wat elke jaar deur die Vriende van Afrikaans, 'n divisie van die ATKV, aangebied word, is vanjaar vir die eerste keer ook virtueel in die buiteland uitgesaai.

Vanjaar het die klem op menswaardigheid geval. Etienne Basson (33) van Pniël het die geleentheid vir die derde keer bygewoon vanjaar.

Hy het opgemerk dat die lesing elke jaar vir hom iets beteken.

Lees meer hier.








## Spesiale aanbod vir ATKV-lede

Die ATKV stel die veiligheid van sy lede eerste en daarom het ons 'n vennootskap aangegaan met CASI, wat 'n alles-in-een-sekuriteitstoepassing (toep) bied.

Hierdie toep sorg vir u persoonlike beveiliging deur 'n paniekknoppie wat van u selfoon af beheer en bestuur word.

Boonop is hulp landwyd beskikbaar, want CASI kan enige plek geaktiveer word. U mobiele paniekknoppie is gekoppel aan 'n netwerk van gewapendereaksiemaatskappye wat outomaties in kennis gestel word wanneer u die knoppie druk.

Danksy 'n ooreenkoms tussen die ATKV en CASI hoef u en u gesinslede nooit weer onveilig te voel nie.

Teen slegs R35 (BTW ingesluit) per persoon per maand vir ATKV-lede, bied die CASI-toep bekostigbare persoonlike beveiliging, padbystand en mediese hulp op enige plek en enige tyd. Elke ATKV-lid wat aansluit, geniet 30 dae gratis gebruik van die CASI-toep.

Daarby help u ook die ATKV deur van hierdie aanbod gebruik te maak, want vir elke lid wat die toep koop, maak CASI 'n skenking aan die ATKV-Woekerfonds.

Lees meer hier.

## Verbreed jou reikwydte met Nuusgenoot!

Wil jy die ATKV se ledebasis bereik met jou besigheid en dienste? Wel, hier is jou kans om te adverteer!

Dié elektroniese nuusbrief word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur en maak dit 'n ideale medium om jou besigheid te bemark. Sien regs vir tariewe en spesifikasies en kontak gerus vir Wendy Homann by WendyH@atkv.org.za vir meer inligting.

NUUSGENOOT

**Die elektroniese nuusbrief van die ATKV word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur.**

**Tariewe/uitgawe:**

| | |
|---|---|
| 1 X A4-advertensie: | R3 000 |
| 1 x A5-advertensie: | R1 500 |
| 1 x kwartbladadvertensie: | R1 000 |

**Verskaf materiaal asseblief soos volg:**

- Hoë-resolusie PDF of JPG
- Alle advertensies moet in Afrikaans wees. (Vertaling van Engelse materiaal op versoek beskikbaar.)
- Verskaf materiaal op 15de van die maand van uitgawe.

**Tariewe sluit BTW en agentskapkomissie uit**
**Materiaal: JPEG of PDF**

35 Wingfield Avenue Birdhaven Johannesburg
PO Box 55017 Northlands 2116
Tel (011) 788 5454 Fax (011) 880 2674
www.bellavista.org.za

BELLAVISTA

10 YEARS

BELLAVISTA
•S•H•A•R•E•
EDUCATION RESOURCE CENTRE

TOEKENNING IN GELETTERDHEID EN DISLEKSIE (TGD)

# Doen nou aansoek en sluit aan by die TGD (Toekenning in Geletterdheid en Disleksie)

Hierdie nagraadse, deeltydse kursus word oor 'n 12-maande tydperk aangebied. Dit bestaan uit twee modules wat onderwysers, terapeute en sielkundiges met dieper insig oor hoe lees ontwikkel verskaf, en maak gebruik van die nuutste nagevorsde metodes vir die onderrig van lees- en geletterdheidsvaardighede. Die kursus bestaan uit twee modules:

**Module 1**

Module 1 is 'n teoretiese module wat dieper delf in die navorsing en benaderings tot disleksie en geletterdheid. Dit fokus op die definisies en oorsake van disleksie, en kyk wyer na addisionele probleme wat saam met disleksie en geletterdheidsprobleme voorkom, asook die effek daarvan op die leer proses. Deelnemers word ook toegerus met praktiese en wetenskaplik nagevorste klaskamerstrategieë.

**Module 2**

Module 2 fokus op die praktiese assesseringsproses vir intervensie. Deelnemers sal blootgestel word aan siftingsinstrumente, verslagskrywing en intervensie metodes met skoolgaande leerders wat lees en geletterdheidsprobleme het. As deel van hierdie kursus, is daar 'n praktiese aspek waar die deelnemer 15-uur intervensie moet toepas onder die toesig van 'n persoonlike mentor.

Die TGD word aanlyn aangebied met 'n kombinasie van weeklikse aanlyn lesings en self studie op ons aanlyn platform. Alle leermateriaal en fasiliterings geleenthede is aanlyn, en die kursus kan geneem word van enige plek in Suid Afrika of Namibië.

## Aansoekproses sluit 18 April. Kursus begin 03 Mei 2022

HPCSA: 60 Punte | SACE: 45 Punte

Vir meer inligting oor die kursus, gaan na **www.bellavista.org.za** en kliek op **S.H.A.R.E.** Inligting kan onder 'Professional Awards' gevind word; of stuur 'n epos na: **share@bellavistaschool.co.za**. het 'n buigbare betaalplan indien jy die volledige kursus wil doen. Alternatiewelik, kan jy vir elke module afsonderlik inskryf en betaal. Module 1 is 'n voorvereiste is vir module 2.